CONQUESTA
is 'n lid van
ASTEMI
SCIENCE TECHNOLOGY ENGINEERING MATHEMATICS INNOVATION
OLYMPIADS & COMPETITIONS

031 764 1972 (Suid-Afrika)
www.conquestaolympiads.com
conquest@iafrica.com

CONQUESTA 2020

Gryp die uitdaging!

Afrikaans 1 *(Huistaal)* – Graad 7

Welkom by jou Conquesta Olimpiade. Wanneer jy besluit het watter van die antwoorde die korrekte een is, krap die letter op die ooreenstemmende blokkie op jou antwoordvel dood. Byvoorbeeld:- As die antwoord op vraag 4 c is, krap die letter c in die blokkie wat c langs nommer 4 bevat, dood *(sien voorbeeld 1 hieronder)*. Indien 'n leerder 'n fout maak en eerder b as die antwoord wil merk, moet c netjies doodgetrek word en b gemerk word *(sien voorbeeld 2 hieronder)*.

Voorbeeld 1:-

4.	a	b	c	d

Voorbeeld 2:-

4.	a	b	c	d

Bestudeer die berig regs en beantwoord vrae 1 – 33.

1. **Watter <u>werkwoord</u> word van die <u>selfstandige naamwoord</u> '*bestuurder*', gevorm?**
(a) besef (b) bestel (c) stuur (d) bestuur



2. **Die <u>intensiewe vorm</u> wat van *'oud'*, gevorm word, is .....**
(a) olifantoud. (b) doodoud.
(c) stokoud. (d) doloud.

3. **Die <u>verkleiningsvorm</u> van *'gat'*, is .....**
(a) gaaitjie. (b) gaatjie.
(c) gatjie. (d) gate.

4. **Watter woord beteken <u>*nie*</u> '*getraumatiseerd*' <u>*nie*</u>?**
(a) seerkry (b) geskok (c) tevrede (d) ontsteld

5. **Die <u>idioom</u> *'Aanhouer wen'*, pas by Ou Lompe, want .....**
(a) hy het net nie opggegee toe hy in die gat geval het nie.
(b) hy het verdrink.
(c) sy trop het hom geïgnoreer en alleen in die gat gelos.
(d) hy het moed opgegee toe hy in die gat geval het.

6. **'n <u>Sinoniem</u> vir *'soms'*, is .....**
(a) min. (b) selde. (c) nooit. (d) partymaal.

7. **Waar word *'op'*, <u>*nie*</u> as 'n <u>skeibare werkwoord</u> <u>*nie*</u>, maar as 'n <u>voorsetsel</u> gebruik?**
(a) Hulle het moed <u>opgegee.</u>
(b) Die werkers het <u>op</u>gedaag.
(c) Ou Lompe is <u>op</u> die viertrekvoertuig gelaai.
(d) Hulle het die olifant <u>opgelig</u> om hom op die voertuig te plaas.

8. **Wat is die <u>enkelvoud</u> van *'bulletjies'*?**
(a) bulletjie (b) bulle (c) bultjie (d) bullet

9. **Wat is die <u>verkleiningsvorm</u> van *'noodoproep'*?**
(a) noodjie oproep (b) noodoproepe
(c) noodoproeptjie (d) noodoproepie

10. **Wat is die <u>verkleinwoord</u> van *'modderspore'*?**
(a) modderspoortjie (b) modderspoortjies
(c) modderspoorkies (d) modderspoor

11. **Die <u>akuut</u> in *'dié gat'*, verwys na .....**
(a) *Ou Lompe.*
(b) *Ou Lompe* op die viertrekvoertuig.
(c) die moddergat by *Tusk.*
(d) die moddergat by *Phalaborwa Foskormyn.*

12. **Verklaar die <u>aanhalingstekens</u> om *"Hulle het nie geweet wat om met die arme dier te doen nie."***
(a) Dit is dr. Francina Kennedy se direkte woorde.
(b) Dit is JP Conradie se direkte woorde.
(c) Dit is *Ou Lompe* se direkte woorde.
(d) Dit is *Phalaborwa Foskormyn* se persverklaring.

Ou Lompe uit watergat gered.
Olifantkenner kon sien hy't gespartel.

Ou Lompe, 'n olifantbulletjie van die Krugerwildtuin, is Woensdagoggend voor sonsopkoms uit 'n gat afvalwater by die *Phalaborwa Foskormyn* waarin hy daardie aand geval het, gered. Olifante loop soms deur die mynareas, maar dit was die eerste keer dat 'n olifantjie in 'n gat vasgeval het. Gewoonlik is daar net probleme met slange, soos die mamba.

Dr. Francina Kennedy, *Tusk*-ekoloog, sê sy het die oggend 'n noodoproep van die myn gekry nadat werkers 'n olifantjie uit die myn se watergat gehaal het.

"Hulle het ook kans te gespeel en het gesê dat hulle nie geweet het wat om met die arme, getraumatiseerde dier te doen nie," het Kennedy gesê. Sy en haar span het na die myn gejaag en *Ou Lompe* agterop hulle viertrekvoertuig gelaai. Sy sê dat die bulletjie nie meer as 'n paar dae oud was nie.

"Dit is die tweede kleinste olifantkalfie waarmee ek nog ooit te doen gehad het. Hy het sagte kussinkies onder sy pootjies, pienk oortjies en hy was die ene ore toe ek met hom gepraat het."

Dit is duidelik dat die kalfie gespartel het om uit die watergat te kom en dat die res van die trop hom moontlik probeer help het. "Daar is skaafmerkies bokant sy ogies en daar was baie modderspore om dié gat." Kennedy dink dat die trop moed opgegee het en geloop het toe mense omstreeks 05:00 vir werk opgedaag het.

JP Conradie, wildopsigter by die myn, en Kennedy en haar span, het die olifantjie by twee troppe wat in die omgewing was, probeer plaas, maar hulle pogings het misluk.

Kennedy het vir *Ou Lompe* 'n bottel met 'n energiedrankie daarin gegee om te drink. Hy het die bottel gulsig gegryp en na 'n paar minute op die grond van uitputting neergeval en geslaap. Daar word nou na die regte melkformule gesoek om hom mee te voer.

Voorbeeld

13. **Gee die <u>meervoud</u> van *'ekoloog'*.**
(a) ekoloogte (b) ekoloë (c) ekologie (d) ekoloogs

14. **In watter sin word *'skat'*, as 'n <u>werkwoord</u> gebruik?**
(a) Die vrou sê: "Wat 'n skat!."
(b) Die olifantjie is 'n regte skat.
(c) Sy skat dat dit die kleinste olifantjie is wat sy al gesien het.
(d) Die werkers sê dat die vrou wat die olifantjie kom haal het, 'n regte skat is.

15. ***'Daar word nou na die regte melkformule gesoek .....'*, is in die volgende <u>vorm</u> geskryf:**
(a) Ontkennende vorm. (b) Toekomende Tyd.
(c) Verlede Tyd. (d) Lydende vorm.

16. **In watter <u>Tydsvorm</u> is die volgende geskryf?**
'Hulle pogings het misluk.'
(a) Toekomende Tyd. (b) Teenwoordige Tydsvorm.
(c) Verlede Tydsvorm. (d) Lydende vorm.

17. **Identifiseer die <u>leenwoord</u> vanuit 'n Afrikataal.**
(a) mamba (b) uitputting
(c) omgewing (d) gewoonlik

18. **Die <u>idioom</u>: *'die ene ore'*, beteken .....**
(a) hy het sonder aandag geluister.
(b) hy het 'n oorinfeksie gehad.
(c) daar is ongekende opwinding.
(d) hy het met groter aandag geluister.

19. ***'<u>wildopsigter</u>'*, is 'n voorbeeld van .....**
(a) 'n afleiding. (b) 'n samestelling.
(c) lettergreepverdeling. (d) 'n deelwoord.



20. **Die <u>idioom</u>: 'om *oop kaarte te speel'*, beteken .....**
(a) jy vertel 'n wit leuentjie oor wat aan die gang was.
(b) jy verrek en verdraai die waarheid.
(c) jy sê openlik wat aan die gang was.
(d) jy vertel leuens.

21. **Die korrekte <u>Lydende Vorm</u> van:**
***'Sy het die oggend 'n noodoproep gekry'*, is .....**
(a) 'n Noodoproep word die oggend deur haar gekry.
(b) 'n Noodoproep sal daardie oggend deur haar gekry word.
(c) Daar is die oggend 'n noodoproep deur haar gekry.
(d) 'n Noodoproep is die oggend deur haar gekry.

22. **Wat is foutief in die volgende <u>Direkte Rede-sin</u>?**
Kennedy het gesê, "Dit is die tweede kleinste olifantkalfie."
(a) Die hoofletter in *'Gesê'*. (b) Die aanhalingstekens.
(c) Die dubbelpunt. (d) Die komma.

23. **Wat word geïmpliseer met die onderstreepte woorde:**
'JP Conradie, wildopsigter by die myn, en Kennedy en haar span, het die olifantjie by twee troppe wat in die omgewing was, <u>probeer plaas</u>?'
(a) Die plasing was onsuksesvol.
(b) Die plasing was suksesvol.
(c) JP Conradie was suksesvol in sy werk.
(d) Die groepspoging was 'n reusesukses.

24. **Watter <u>skryfteken</u> word in die volgende sin aangetref?**
'Dr. Francina Kennedy, ekoloog van Tusk, sê sy het die oggend 'n noodoproep van die myn gekry.'
(a) Skuinsdruk. (b) 'n Kappie. (c) 'n Komma. (d) 'n Aksenteken.

25. **Watter <u>skryfteken</u> word gebruik in:**
'... daar was baie modderspore om dié gat.'
(a) Dubbele vokale. (b) Vraagteken.
(c) Dubbele konsonant. (d) Aksenteken.

Voorbeeld